WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT
VAKATURES

Weskus Distriksmunisipaliteit – met sy hoofkantoor op Moorreesburg – strewe na dinamiese en effektiewe dienslewering aan die gemeenskap van die Distriksmunisipaliteit. As 'n Gelyke Indiensneming-werkgewer, beskik ons tans oor die onderstaande vakatures vir toepaslik gekwalifiseerde en ervare persone.

DEPARTEMENT: ADMINISTRASIE & GEMEENSKAPSDIENSTE
AFDELING: MUNISIPALE GESONDHEIDS DIENSTE
BESTUURDER: LUGGEHALTE (1 POS)

Standplaas : Vredenburg • Salaris : R 345 442.00 – R 516 943.00 per annum (TASK grading 14/15) • Verw. No. : MHS29

Vereistes: Nasionale Diploma in Toegepaste Omgewingswetenskappe of gelykwaardig • Kode B- rybewys • Vermoë om in twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te kommunikeer • Bestuursvaardighede • Tegniese vaardighede • Interpersoonlike vaardighede • Begripsvaardighede • Rekeningkundige vaardighede • Rekenaargeletterdheid

Aanbeveling: 5 jaar ervaring in 'n bestuurspos • Kwalifikasie en/of ervaring in luggehaltebestuur en besoedelingsbeheer • 'n Kwalifikasie in Omgewingsvoldoening en – Handhawing vir aanwysing as Omgewingsbestuurinspekteur ingevolge NEMA.

Pligte: Bestuur, kontroleer, koördineer en verseker die implementering van "n doeltreffende luggehaltebeheerdiens soos beoog deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte, 2004 deur die toepassing van die toepaslike sleutelprestasieareas.

Benewens die salaris vermeld vir die permanente pos en onderhewig aan sekere voorwaardes, bied die Distriksmunisipaliteit mededingende byvoordele, soos 'n behuisingsubsidie, 'n bonus, lidmaatskap aan 'n pensioen-/aftree- en mediese hulpfonds, asook voorwaardelike dekking van meubelvervoerkoste.

Sluitingsdatum : 16 Februarie 2018 om 14h00

Die voorgeskrewe aansoekvorms is gedurende kantoorure beskikbaar by **me. P.S. Boer by 022 433 8400** of op die webtuiste by **www.westcoastdm.co.za/vacancies.html.** Voltooide aansoekvorms, vergesel van volledige CV's en gewaarmerkte afskrifte van diplomas/ sertifikate/registrasies en rybewyse, moet gerig word aan **Weskus Distriksmunisipaliteit, Menslike Hulpbronne: Werwing & Keuring, Posbus 242, Moorreesburg 7310.**

***Let Wel**: Die Raad behou die reg voor om geen aanstellings te maak nie. Geen laat aansoeke of aansoeke per faks of e-pos sal aanvaar word nie. CV's sal nie aan kandidate terugbesorg word nie. Gunswerwing sal kandidate diskwalifiseer.*

Indien geen terugvoering binne 60 dae na die sluitingsdatum vanaf hierdie kantoor ontvang is nie, kan aanvaar word dat 'n aansoek onsuksesvol was.

SONDLO & KNOPP ADVERTISING